A list of current investigations is too long to be included in a brief summary such as this. Suffice it to say that many trials are run concurrently, some being conducted over a period of many years, whereas others are completed and findings are available within a period of months. In order to manage such a big programme and run trials simultaneously with a relatively small team of workers, researchers have to plan resource allocations and the working time of personnel with great care in order to synchronise events effectively while ensuring that materials and other necessities are available when required. Another prominent feature of livestock research is that a very extensive field of science is covered which requires scientists and technicians with a wide diversity of knowledge, abilities and skills. Furthermore, because of a shortage of people with the necessary skills and experience, the scientists and technicians at Animal Production work long hours.

It is common knowledge that many trained and highly capable scientists have been leaving the country with a resulting drain of capabilities away from South Africa. The scientists of the Institute have for a number of years recruited young scientists to work in their programmes in order to provide for a next generation of trained scientists who can serve the local community through research. These young scientists are allowed full access to all the facilities of the Institute and some of their salaries are paid by the Department, whereas others are funded from the private sector. Most importantly, because these young scientists work under the mentorship of experienced older scientists, their capabilities are developed rapidly and the essential experience and vi-



sion, without which research cannot be undertaken effectively, is imparted to them under optimal conditions.

Ostrich farming

Some of the notable successes over recent years came from work to improve the viability of ostrich farming which is the result of research which was undertaken in association with the private sector. This research provided a better understanding of ostrich nutrition and produced data for calculating breeding values for important production traits in ostriches. In view of the financial and disease difficulties facing the ostrich industry, this work is of vital importance to maintain an industry which is a major source of income and job opportunities for all the ostrich producing areas of South Africa. Professor Tertius Brand of the Institute is well on the way of providing the industry with feeding values which will be used to model the nutrient requirements of ostriches at different production levels. It is expected that this model will significantly reduce the input costs of ostrich production.

Dairy

The Western Cape, which provides almost a quarter of the total fresh milk production of South Africa, is one of the most important milk producing areas of South Africa. It has been said that the researchers at Outeniqua and Elsenburg do not only serve the farmers of the Western Cape, but, because they serve neighbouring milk producing areas as well, support half the milk production in South Africa. Through research into better feeding and management practices higher milk production can be achieved, while breeding and feeding programmes have been directed toward investigating ways to improve milk quality. Dr Carel Muller recently completed an investigation into the breeding values of South African milk goats (see p.14) and Dr Robin Meeske is a renowned speaker throughout South Africa on silage for milk production. Dr Meeske works in close collaboration with Dr Philip Botha of the Plant Production Institute on the use of pastures for milk production.

Sheep

Farming with sheep is a major agricultural enterprise in the Western Cape and neighbouring provinces. Research to enhance sheep production has yielded a better understanding of the nutrient needs of sheep and breeding research has significantly improved wool quality. The fine wool line developed at Tygerhoek is well-known and Professor Schalk Cloete has shown that breeding for fertility is possible.

A recent addition to the Institute's activities has been the

establishment of a Molecular Laboratory where DNA has been extracted from sheep as well as ostriches. The ostrich DNA will initially be used for parent identification in the case of breeding groups. The sheep DNA will be used to compare two breeding lines to see if QTL's (quantitative trait loci) related to production traits in these lines can be found. The future application of this technology is expected to be a major boost for current breeding research.

Percherons

Elsenburg is well-known for its Percheron horses. These animals are currently kept for the preservation of a genepool of traction animals. Stallions are regularly sold to various institutions to this end and mares are often brought to Elsenburg for mating. Some horses have been trained to pull a carriage and the objective is to use this means of transport for small groups of visitors to Elsenburg.

A question of ethics

Around the world livestock production is associated with ethical issues which include matters such as animal welfare and the use of manmade chemicals which can be dangerous to the environment. To ensure that all the animals in the care of the Institute are managed in an acceptable manner, especially where animals are used for research, all the projects implemented by the Institute must first be approved by an Animal Ethics Committee. The Ethics Committee is chaired by Dr Peter Koen, veterinarian and Deputy Director, Veterinary Services. Research to address the problems associated with the use of chemicals for disease control, including the use of insecticides, is currently being undertaken by Ms Ansie Scholtz. She recently produced data confirming that environmentally friendly procedures for blowfly control are effective.



In the field of aquaculture, research undertaken by the Institute has shown that rock lobster puruli can be successfully harvested from the sea. Furthermore, research into and the establishment of small-scale aquaculture projects amongst formerly disadvantaged communities was achieved through cooperation with the University of Stellenbosch.

Academic

Die onlangse Stellenbosch Universiteit was ook vir die Depa
Drie doktorsgrade en 'n meestersgraad later het ons

Dr Carel Muller: melkbokke vir Afrika

Die studie het gehandel oor die beraming van genetiese parameters en die opstel van 'n teeltprogram vir melkbokke in die nasionale kudde. Die studie is uniek aangesien dit die eerste keer is dat so 'n ontleding vir die melkbokbedryf gedoen is. Bepaalde probleme is met die ontleding van die data ondervind. Onder andere is daar min melkbokke in die nasionale kudde, terwyl min produsente ook melkaantekening doen. Stamboominsigting van diere het ook ontbreek en daar is min genetiese koppeling tussen kuddes. Daar is egter tans toenemend belangstelling na suiwelprodukte wat van bokmelk gemaak word. Dit is veral die groeiende toerismebedryf in Suid-Afrika en al hoe meer kosmopolitaanse omgewing in die groot stede wat hiertoe bydra. Dit word ook in sommige gevalle as 'n gesondheidsmiddel gebruik. Aan die ander kant is melkbokke ideaal vir die produksie van melk onder kleinboertoestande en maak hulle reeds vir baie jare op die platteland 'n groot bydrae tot voedselsekureit binne arm gemeenskappe. Melkbokke benut nie net gras nie, maar is ook sterk struikvreter. In Suid-Afrika is daar reeds van die vroegste tye met melkbokke geboer. Met die besoek van Simon van der Stel aan Namakwaland in 1661, is melkbokke onder die plaaslike bevolking aangetref. Hierdie bokke het 'n Nubiese voorkoms gehad wat beteken dat hul oorsprong iewers in Noord-Afrika was. Die hedendaagse melkbokke (Saanens) is in die beginjare veral van Switserland ingevoer. Hierdie diere het 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die intensiewe melkproduksiestelsels in Suid-Afrika. Beide kommersiële en kleinboere het 'n teeltprogram vir hul kuddes nodig. Hiervoor is insigting oor die melkproduksie en –samestelling van individuele bokke nodig. Die stamboom van elke bok binne die nasionale kudde wat produksiesyfers het, is gebruik om oorerflikhede van bepaalde produksieparameters te bereken. Hiermee is die moontlikheid geskep om teeltwaardes van individuele diere te beraam. Die genetiese vermoëns van alle diere binne 'n ras kan dus beraam word en op dié manier kan alle diere oor kuddes en oor jare met mekaar vergelyk word. Met die genetiese meriete van elke dier bekend, kan seleksie toegepas word. Met hierdie studie is die teeltwaardes van diere beraam en bestaan die moontlikheid om die genetiese vordering in die nasionale kudde te verhoog.



Dr Johan Labuschagne: rye/clover pastures

His study looked at nitrogen management strategies on perennial ryegrass-white clover pastures in the Western Cape Province.

The response of perennial ryegrass-white clover pastures to fertiliser N is complex and difficult to manage, mainly as a result of the different responses of the companion

crops to fertiliser N application. The study was initiated to develop fertiliser N strategies with the aim of minimizing the negative effect of the winter gap on fodder flow management. Glasshouse and field trials were done to develop a better understanding of the response of perennial ryegrass and white clover plants, either singularly or as companion crops in a mixed pasture, to environmental factors likely to restrict plant performance during the cool season in the Western Cape Province. Glasshouse studies were done to evaluate the effect of soil temperature, soil water potential and growing season on the response of perennial ryegrass and white clover to different N rates under controlled conditions. Simultaneously a field study

was done to evaluate the effect of 0, 50, 100 and 150 kg N ha⁻¹ applied as a single dressing in autumn, early winter, late winter, early spring or late spring on dry matter production, clover content and forage quality. Soil ammonium-N and nitrate-N dynamics were attended to during all studies.

Results showed that the calculation of the required N input (fertiliser N + recycled N) at a known initial clover percentage is strongly influenced by the productivity of the pasture, the season when applied and the predicted clover percentage at the end of the first regrowth cycle. Multiple regression lines were developed for each of the three years covered by the study. Using these regression lines shows great potential in calculating the desired fertiliser N rate, the resultant expected primary dry matter production and maintaining a clover content of between 30 and 50% as recommended. Verifying the regression lines on independent data will be instrumental in the development of a strategic N fertiliser programme successfully addressing low dry matter production during the cool season whilst maintaining the sensitive grass-legume dynamics in perennial ryegrass-white clover pastures.

achieveers

Departement van Landbou: Wes-Kaap 'n akademiese hoogtepunt.
rede om trots te wees op ons navorsers en opleiers.



Clement Cupido: Karoo veldtoestande

Clement was 'n student van die Wes-Kaapse Departement van Landbou se program vir Jong Professionele Persone by die Instituut vir Plantproduksie op Elsenburg, en het sy MSc(Agric)-graad *cum laude* ontvang. Sy tesis, onder leiding van Prof Sue Milton (US) en Nelmarie Visser (Instituut vir Plantproduksie), het gehandel oor die assessering van veldbestuurpraktyke en -toestand in die Klein Karoo. Die navorsing dien as basis vir die veldnavorsingsprogram van die Instituut en is ondersteun deur die Volstruis Besigheidskamer, wat die projek gedeeltelik befonds het. Die studie gee waardevolle inligting t.o.v demografie van Klein-Karoboere, volstruisboerdery, persepsies en kennis van boere i.v.m. veldbestuurspraktyke, beweidingstelsels, veebelading, veldbenutting en veldassessering, skeiding van veldsoorte, veld rehabilitasie, beheer van indringerplante en boere se kennis van wetgewing. Belangrike agtergrond rakende die Klein Karoo is gekry, en toekomstige navorsingsbehoefte in die gebied is geïdentifiseer. Die studie bevestig dat vryparende volstruisboerdery die grootste effek het op veldagteruitgang in die streek het en dat huidige beweidingstelsels nie ekologies aanvaarbaar is nie. Daar is ook bevind dat daar 'n korrelasie is tussen veldtoestand en plantspesiedigtheid in

die Sukkulente Karoo. Dertens het die studie gewys dat daar 'n positiewe korrelasie is tussen die semi-subjektiewe opnamemetode wat gebruik is en die konvensionele puntopnamemetode wat deurgaans deur die Wes-Kaap se Departement van Landbou gebruik word vir veldtoestandbepalings.

Clement is sedert 2002 deel van ons navorsingspan en het aan verskeie kongresse deelgeneem. Hy het toekennings ontvang vir die beste plakkaat deur 'n jong wetenskaplike by die Arid Zone Ecology Forum se konferensie van 2002, en en sy praatjie by die tweede gesamentlike kongres van die WVSA/SAVVV in 2004, is ge-nomineer as een van die beses deur 'n jong wetenskaplike. Hy is pas permanent aangestel as Veldnavorsers by die Instituut vir Plant-produksie op Elsenburg.



Dr Alwyn Louw: waarom val studente uit?

Sy onderwerp: *Staking van studies aan landbou-opleidings-instellings: waarskynlike oorsake en moontlike strategieë vir studente-ondersteuning.*

Studente-uitval aan hoër onderwys-instellings in Suid-Afrika is 'n aspek wat toenemend aandag van verskeie belanghebbendes ontvang vanweë die verskeie nadelige gevolge wat dit vir studente, die instelling en die ekonomie van die land inhou. Opleidingsinstellings in die hoër onderwys wat landbou as studieprogram aanbied het ook met hierdie probleem te kampe. Ongeveer 'n kwart van die studente wat tot die meeste landbou-opleidingsinstellings in Suid-Afrika toegelaat word, staak studies vrywilliglik of omdat hulle daartoe gedwing word. Die meeste van die stakings geskied óf gedurende óf aan die einde van die eerste studiejaar. Tesame met probleme rondom die staking van studies, is die lae deurvloeiysifers van studente aan hoër onderwysinstellings ook kommerwekkend.

Die hoofdoel van die studie was om te bepaal waarom studente studies staak, of waarom studente langer neem as die minimum toegelate tyd om hulle studies te voltooi. Om dit te verwesenlik is daar gepoog om beide 'n internasionale en 'n nasionale perspektief oor studente-uitval in die algemeen te verkry, asook om vas te stel watter faktore verantwoordelik is vir suksesvolle studies van studente, of daartoe bydra. Hierdie literatuurperspektiewe is aangevul deur 'n kwalitatiewe ondersoek by studente wat spesifiek aan landbou-opleidingsinstellings in die hoër onderwys uitgeval het.

Die studie het aangetoon dat uitval hoofsaaklik aan akademiese en/of sosiale oorsake gewyt kan word. Hierdie oorsake het die gevolg dat onvoldoende integrasie – wat noodsaaklik is vir suksesvolle studies - plaasvind. Gebrekkige deelname van studente aan sosiale aktiwiteite of die afwesigheid van genoegsame geleentheid tot sosiale aktiwiteite by landbou-opleidingsinstellings is byvoorbeeld van die redes waarom studente op 'n onvoldoende wyse sosiaal integreer. Nadat die waarskynlike redes vir studente-uitval vasgestel is, is 'n teoretiese raamwerk wat studente-uitval aan landbou-opleidingsinstellings moontlik verklaar, daargestel. Die raamwerk poog om studente-uitval vanuit die agtergrond van die student tesame met verskeie faktore wat student- of instellingsverwant is en wat verantwoordelik is vir onvoldoende integrasie, te verklaar.

Natuurlike veld beslaan ongeveer 70% van die Wes-Kaap. Groot dele hiervan is egter in 'n swak toestand as gevolg van verkeerde bestuurspraktyke wat oor jare toegepas is. Hierdie veld kan in die meeste gevalle oor die korttermyn nie net deur die onttrekking van vee of verandering in bestuurspraktyke verbeter word nie, hoofsaaklik vanweë die lae reënval in die meeste van dié gebiede. In die Klein Karoo alleen kom meer as 100 000ha outlande voor wat nie meer vir die verbouing van graan of ander gewasse gebruik word nie. Hulle word deur kraalbos en ander onsmaklike bossies en struik gedomineer, en het sodoende nie veel nut vir die boer nie.

Een manier om die veld te verbeter is deur die insaai van saad van inheemse spesies. Tans word saad van drie verskillende hoogs smaaklike spesies, nl. hartbeesgras (*Chaetobromus dregeanus*), bietou (*Tripterys sinuata*) en haarbossie (*Hirpicium integrifolium*), op die Worcester Veldreservaat op grootskaal vermeerder en aan boere en navorsers beskikbaar gestel. Roosmaryn (*Eriocephalus africanus*), 'n ander smaaklike bossie, word ook in kleiner hoeveelhede vermeerder. Aanvraag vir hierdie saad kom van oor die hele land en selfs vanuit buurlande. 'n Groot behoefte bestaan egter vir ander spesies en ook spesies van die somerreënvalstreek.

'n Projek is geloods om nog spesies wat vir veldverbetering gebruik kan word te identifiseer en wat dan op groot skaal vermeerder kan word. Hierdie kan saad wees van pionierspesies, soos vygies, tot sogenaamde klimaksspesies, soos karoobietou wat ook 'n goeie weidingswaarde het. Saad van 'n verskeidenheid spesies met wisselende weidingswaardes word geteiken, omdat die pionierplante wat eerste vestig 'n mikroklimate skep wat toestande vir die meer smaaklike spesies (klimaksspesies) gunstiger maak om te ontkiem en te vestig.

Saad is vanaf 2001 op verskillende plekke oor die provinsie versamel, maar weens die huidige droogte-toestande is saad in die laaste tyd slegs in die winterreënvalstreek versamel, naamlik naby Vredendal, Worcester, Barrydale en Sutherland. Hierdie spesies sluit in: vaalbietou (*Chrysanthemoides incana*), wortelgras (*Chaetobromus schraderi*) en roosaadgras (*Ehrharta*



Haarbossie (*Hirpicium integrifolium*)

Veldverb wat v

calycina) in die Vredendal-omgewing; hartbeesgras (*Chaetobromus dregeanus*), kleinsaad-klappiesbrak (*Tetragonia fruticosa*) en grootsaad-klappiesbrak (*Tetragonia hirsuta*) naby Worcester; bloublommetjie (*Felicia muricata*) en kapokbos (*Eriocephalus ericoides*) naby Barrydale en roggras (*Secale africanum*) in die Sutherland-omgewing.

Die saad is oor 'n tydperk van 2 jaar in 'n kweekhuis ontkiem, waar hulle daaglik natgemaak is, teen wind en reën beskerm is, maar die temperatuur nie gereguleer is nie. Na twee jaar het kapokbos (75% ontkieming) wat naby Barrydale en hartbeesgras (50% ontkieming) wat in die omgewing van Worcester versamel is, die beste ontkiemingspotensiaal getoon. Kapokbos word aanbeveel om in April en Mei gesaai te word wanneer hul ontkieming die hoogste is en hartbeesgras moet verkieslik van Februarie tot April gesaai word, in die tweede jaar nadat dit geoes is.



Roosmaryn/Kapokbos
(*Eriocephalus africanus*)

oetering: verk?

Klein- en grootsaad-klappiesbrak het na 'n tydperk van 4 jaar nog geen ontkieming getoon nie.

Die verskillende spesies se sade is aan verskeie toetse onderwerp om te bepaal of enige saadrus/narypwordingsperiode moontlik opgehef kan word en ontkieming sodoende verbeter kan word. Slegs kapokbos en vaalbietou het beter ontkiem as gevolg van sommige van die behandelings, op die res van die spesies het die verskillende toetse nie 'n noemenswaardige uitwerking gehad nie. Om die ontkieming van vaalbietou te verbeter moet die saad vir 24 uur in 1% rookwater geweek word. Hieruit kan afgelei word dat 'n veldbrand moontlik die ontkieming van vaalbietou kan stimuleer. Volgens Albertus Dyason van Department Landbou op Vredendal, word goeie sukses ook behaal as die sade van vaalbietou geplant word terwyl die vruggie nog groen is.



Nelmarié Visser
Instituut vir Plantproduksie

Vars saad van roggras ontkiem uitstekend in die herfs met 100% ontkieming van saad wat intakt gesaai is. Hierna neem die ontkieming geleidelik af oor 'n tydperk van een jaar. In die eerste jaar na ontkieming was die ontkiemingspersentasie deurgaans bo 40% en die saad wat uitgedop is, het 'n hoër ontkiemingspersentasie behaal. Daar word aanbeveel dat die saad in die somer (vanaf Desember) gesaai word, veral soos die saad verouder.

Saad wat oor 'n tydperk van meer as twaalf jaar vir navorsingsdoeleindes versamel is en wat op die Veldreservaat in die koelkamer teen 5°C gestoor is, is aan ontkiemingstoetse onderwerp by twee verskillende temperatuur naamlik 15°C en 20°C. Hierdie was sade van 32 verskillende spesies wat oor die hele winterreënstreek versamel is vanaf die laat 80's tot vroeë 90's. Slegs vier spesies het die potensiaal getoon om na 10-13 jaar steeds 'n ontkiemingspotensiaal van meer as 45% tot 88% te hê. Hierdie spesies was kleinvyebos (*Ruschia caroli*), boontjiekaroo (*Indigofera sessilifolia*), kankerbos (*Sutherlandia frutescens*) en bloublommetjie (*Filicia muricata*). Kankerbos en kleinvyebos moet verkieslik in die herfs tot vroeë winter gesaai word, terwyl bloublommetjie en boontjiekaroo in die lente tot vroeë somer gesaai moet word. Redelike vars saad (jonger as 2 jaar) van bloublommetjie ontkiem nie baie goed nie.

Enige saad wat in die veld gesaai word, moet na reën gesaai word en waar moontlik moet die grond effens los gemaak word of dit moet onder 'n ander bos/struik (moederplant) gesaai word.

Die projek is steeds aan die gang en tans word kort- en langbeenboesmangras (*Stipagrostis obtusa* en *S. ciliata*), klossiegras (*Chloris virgata*), bosluisgras (*Eragrostis echinocloidea*) en vingerhoedgras (*Fingerhuthia africana*), almal vanuit die Groot Karoo, se ontkiemingsvermoë en geskiktheid vir veldverbetering ondersoek.

Indien u saad op u plaas beskikbaar het wat ons kan gebruik in ons toetse, kan u een van ondergenoemde persone kontak. Die saad sal deur ons geoes word.

Kontak Nelmarié Visser by 021-808 5330 of [nelmariev@elsenburg.com](mailto:nelmariév@elsenburg.com) of Hannes Botha van die Worcester Veldreservaat by 023 347 1121 of hannesb@elsenburg.com



Bietou (*Tripteris sinuata*)

PLAASW vennote in v

Hiermee 'n kort oorsig oor die vestiging en werksaamhede van die subprogram: Plaaswerker Ontwikkeling binne die program: Ondersteuning en Ontwikkeling van Landbouers.

Danie Niemand is sedert Mei 2004 verantwoordelik vir vestiging van die sub-program: Plaaswerker Ontwikkeling. Plaaswerkers is 'n baie belangrike teiken groep wat vir 'n baie lang tyd nie sy regmatige deel en aandag binne regeringstrukture gekry het nie, grootliks as gevolg van onvoldoende befondsing. Die Departement van Landbou is deur die kabinet getaak om in samewerking met ander departemente en rolspelers, verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van plaaswerkers te neem.

Eerstens moes al die departemente en rolspelers wat regstreeks met plaaswerkerontwikkeling te make het, geïdentifiseer word sodat kommunikasie en koördinering op gevestig kon word. Daarbenewens was dit ook belangrik om die boodskap dat Landbou nie die wiel wou herontwerp nie, maar dat ons eerder hande wou vat met al die ander departemente en rolspelers wat reeds by plaaswerkerontwikkeling betrokke was. Die plaaswerker-gemeenskappe is oor soveel jare gemanipuleer en benadeel dat op alle vlakke na hulle ontwikkeling gekyk moet word.

Op 17 en 18 Augustus 2004 het 'n Plaaswerker Indaba te Elsenburg plaasgevind, en dit is met vyf streekkonferensies in November en Desember 2004 opgevolg wat 'n proses aan die gang gesit het wat uiteindelik sal lei tot die ontwikkeling van 'n strategiese plan vir plaaswerkers binne die provinsie. Dit is 'n tydsame proses — al die relevante

**Education is the great engine of personal
the daughter of a peasant can become a
become the head of the mine, and that a
president of a great nation. It is what we
are given, that separates one person**

rolspelers en die plaaswerkers word betrek, en deursigtigheid is belangrik. Daar is te lank vir en namens plaaswerkers gepraat.

'n Volledige verslag oor die uitkomst en verwagtinge van die Indaba en streekkonferensies is aan die kabinet voorgelê. Die doelwit is om 'n finale strategiese plan vir plaaswerkers teen Augustus 2005 gereed te hê vir implementering.

Die subprogram se strategiese doelwitte is kortliks die volgende:

- Die fasilitering van opleiding - formeel en informeel
- Die fasilitering van landbou vaardigheidsontwikkeling
- Hulp aan projekte wat voedselsekuriteit bevorder en verbeter
- Die vestiging van 'n verwysingsstelsel (referral system) om met alle ander staatsdepartemente en rolspelers te koördineer en saam te werk (seamless government) om 'n diens aan plaaswerkers te lewer wat in hul behoeftes voorsien.

Opleiding

Ten opsigte van formele opleiding wil ons deur middel van beurse die geleentheid skep om aan



WERKERS

voortgang

development. It is through education that a doctor, that the son of a mineworker can make out of what we have, not what we have from another." - Nelson Mandela

plaaswerkers se kinders die geleentheid te bied om hulself in 'n landbou-riktig te bekwaam in vennootskap met die program: Gestruktueerde Landbou Opleiding (Elsenburg). Hopelik sal die eerste beurse vir die 2006 akademiese jaar beskikbaar wees.

Landbou vaardigheidsontwikkeling

Die huidige leerskappe van 1 jaar (sertifikaat in praktiese boerdery) sal ook beskikbaar gemaak word aan plaaswerkers om hulle beter te kwalifiseer, en die bywoning van die groot verskeidenheid van kursusse huidig beskikbaar vir plaaswerkers sal ondersteun word. Die Departement se opleidingsentrums te Elsenburg, Outeniqua proefplaas (George) en die landbouskool Augsburg (Clanwilliam) sal voorkeur geniet. Hierdie opleiding kan plaaswerkers help om plaasbestuurders of selfs boere in eie reg te word.

Landbouprojekte en Voedselsekureit

Gegewe die huis van die subprogram sal ons behulpsaam wees met die identifisering en vestiging van groentetuine in plaasgemeenskappe, en veral by plaasskole, om volhoubare sokkombuise te ondersteun.

Verwysingstelsel (Referral system)

Omdat daar soveel verskillende staatsdepartemente en organisasies by plaaswerkerontwikkeling betrokke is, is dit noodsaaklik om te verseker dat probleme wat plaaswerkers ondervind, by die korrekte persoon uitkom om te kan help, en dit is die doel van hierdie verwysingstelsels. Om die verwysingstelsel optimaal te laat funksioneer, moet daar baie nou met alle staatsdepartemente en rolspelers gewerk word. Die provinsiale departemente van Onderwys, Maatskaplike Dienste, Gesondheid, Behuising en Plaaslike Regering, die nasionale departement van Arbeid en Munisipaliteite is van die belangrikste organisasies met wie ons alreeds baie nou saamwerk. Ander rolspelers binne die landbousektor waarmee ons baie nou skakel is: Agri Wes-Kaap, AGRIWASA, NGO's, Boereverenigings, vakbonde en NAFU (National African Farmers Union).

Projekte

Benewens die Indaba en vyf streekkonferensies wat gereël is vir konsultasie, het die Departement ook drie projekte gefinansier:

- 1) **Women on Farms Project**, vir die opleiding van vroue seisoenwerkers vir vier jaar met 'n totale koste van R900 000-00
- 2) 32 ongeletterde plaaswerkers op die plaas **Mooigesicht** is gehelp om 'n kursus by te woon om te leer lees en skryf met 'n koste van R32,000, en
- 3) 'n Bedrag van R50,000 is aan **FASfacts** oorhandig vir 'n opleidingsprojek vir plaaswerkers se kinders om hulle in te lig oor die gevaar van alkoholisbruik.

Vir die 2005/2006 finansiële jaar is ongeveer R3 miljoen vir projekte ontvang. Belangrike projekte sluit in die beursskema vir plaaswerkers se kinders, betrokkenheid by plaaswerker kompetisies en betrokkenheid om sport en kultuur aangeleenthede binne plaasgemeenskappe te vestig en uit te brei.

Vir meer inligting, kontak Danie Niemand (regs) by (021) 808 7602 of danien@elsenburg.com



Plaaswerkers se bydrae op Werkersdag gevier



'n Groep van meer as 200 plaaswerkers van so ver as De Doorns het op 2 Mei in Stellenbosch byeengekom ter viering van Werkersdag. Op die foto is Minister Cobus Dowry (2de van links) saam met Rose Manuel (Glen Oak, Grabouw), Sophie Witbooi (Arieskraal, Grabouw) en Peter Ceylon (van Fyeboom en een van die sprekers)

www.elsenburg.com